

VIII.

PATRONE IN DIE 'WORP'.

Met sy intensiewe, maar tog omvattende en selekterende swerwe van ding tot ding, en in ruimte en tyd, verwerk die enkeling-denker hulle beswerend tot 'n nuwe samehang. In ooreenstemming met die titel van dié bundel waarin Opperman 'n karakteriserende noemer vir sy werkwyse gevind het, openbaar die "dolosse" in hierdie 'worp' duidelik herkenbare "ruspatrone"¹⁾, sodat die digter se denke ook deur die rangskikking van hierdie "dolosse" en, in soverre dit betrekking het op die mens, deur die inhoud van hierdie "sarkofaag" geaktiveer word. Dit gee aan die bundel die kleur van 'n ondersoek of soeke, waarvan die denker self die uitslag nie ken nie, sodat die uiteindelijke samehang en die insig wat daaruit verkry word, ook vir hóm 'n ontdekking kan wees. Die illusie wat só gewek word, herinner aan die bygeloof van die beoefenaars van die dolosspel, naamlik dat 'n bonatuurlike mag die voorwerpe rangskik, en verleen daardeur aan dié poësie 'n besondere bekoring. Die denklaag van hierdie bundel is dan inderdaad "gedagtes by 'n sarkofaag" of in ooreenstemming met die in die titel gesuggereerde Suid-Afrikaanse benadering, insig afgelees van "dolosse", en laasgenoemde is medium van denke.

Dat hier 'n denkpatroon gevind word, dui weer op 'n voortsetting van die tradisie van die verwikkelde samehang in die inhoud van die bekende Opperman-bundels en die samevatting daarvan deur 'n kernagtige titel as gemeenskaplike noemer.

Die apokaliptiese aard van hierdie bundel lê daarin dat dit die mens se verdorwenheid openbaar en die sluier oor sy lotsbestemming lig.

As skepsel is die mens eng verbonde aan die dier in soverre hy liggaam- en aardgebonde²⁾ is, enduit gehoorsaam is aan sy drif³⁾ en ook bestem is tot

1) Vgl. sy karakterisering van die werkwyse van G. Achterberg in die kwatryn oor hom in BLOM EN BAAIERD, en ook E. Eybers se siening van die digproses in Pantograaf (BALANS).

2) Vgl. veral Mammæ.

3) Vgl. Vuurbees en die konsekwensie van die gehoorsaamheid aan die "drif" in Springbokke.

transmutering tot "dolos"⁴⁾. As "buffel van die metafisika" het die mens egter die gawe van die rede en die potensiaal van wetenskapsbeoefening⁵⁾, n bewussyn van die metafisiese en drang tot godsdienstbeoefening⁶⁾, asook die drang en bekwaamheid tot skoonheidskepping. Dié "baster"⁷⁾, getransmuteerde mens, onderwerp in sy staat van ontaarding die gebruik van sy goddelike gawes aan sy drif. Weens die mens se strydus en die vernietigingsdrang wat daaruit voortkom, word kunsskeppings en lewe vernietig sodat die ganse mensdom met "die alles-oorheersende slagveld" bedreig word⁸⁾. "Astrale magte" werk in die mens selfs n ironiese verlange na die dood, sodat die mensdom beseef:

"Ons is geroepe om n groot afspraak
met die dood te maak." 9)

Weens die perkelose uitlewing van die liggaamsdrif word die verhewe omgang tussen mens en mens vernietig¹⁰⁾. Dit lei tot vereensaming¹¹⁾ en tot ondergang – die straf op hierdie "roekelose kult(us)"¹²⁾. Die ondergang "tesaam met almal én die aarde"¹²⁾ bring egter weer eenheid, en troos vir die lydende.

Die doodsbeseef¹³⁾ gaan egter gepaard met n drang na verewigting deur die skepping van die skoonheid en met metafisiese bewussyn, en selfs die primitiewe mens "moet beswerend teen n muur/ van sy spelonk die buffel verf"¹⁴⁾. Maar "dood laat na sin van lewe soek"¹⁵⁾ en ook in DOLGSE bly ook weer hoop op nuwe lewe en op vereniging in skoonheid. Hotnot:God bring hoop op opstanding by die basuingeblaas van engele, en Wederkoms op n vereniging met God. Veel meer word ondergang of die verganklike egter met skoonheid, die skep

4) Vgl. die verganklikeidsgedagte in bv. Ou kroonkandelaar en die versteende kalawers in Dennebol.

5) Vuurbees en die laaste stanza van Dennebol.

6) Vuurbees en Sonag van n kind.

7) Aanduiding van die hibridiese aard van die mens in Hotnot:God.

8) Vuurbees en Dennebol.

9) Springbokke. Vgl. ook "die Avondlandelike drang/na.../...ondergang?" in Wensbeentjie. Gedagtes by n sarkofaag.

11) Wensbeentjie en Seevelde van bamboes as uitdrukking van die absurditeit van menslike verhoudinge.

12) Dennebol.

13) Die beseef "die dood wei tussen ons..." is reeds bekend uit Skutter (ENGEL UIT DIE KLIP).

14) Vuurbees.

15) Legende van die drie versoekinge (NEGESTER OOR NINEVE)

van 'n nuwe orde of met verlossing geassosieer. Die "stiltes stippel.... / klippe tot voormalige verband" by die ruïnes van Mukene, terwyl die "rooi papawers/wat groei uit duisende kadawers"¹⁶⁾ aanduiding gee van die skoonheid wat gepaard gaan met die herordening.

Deur die seëvierende orde in die elegie van Roy Campbell word die dood van die bul 'n triomf van skoonheid gemaak, sodat die gedig 'n mens bewus maak van die skoonheid en onverganklikheid van die kuns van die gestorwe Campbell. Selfs die ondergang van die robbe in Robbeslaners het die gevolg dat vroue in hulle pelse getooi word. Opperman se uitbeelding van die ondergang van die mense in die Vesuvius-ramp en sy vader se uitbeelding van die steenkoolmynontploffing groei tot kuns weens die aangrypendheid en universaliteit van die verewigde beeld en dui, volgens die aanwesigheid van die vuur - 'n bekerde simbool in die werk van Opperman - op 'n suiwering. Die skoonheid wat die digter voorttower deur sy besinning op die mens in sy ondergang, dien terselfdertyd as illustrasie van hierdie motief.

Opperman self beklemtoon egter ook dat die "drif" en "tuit"¹⁷⁾ (drang en vorm) die kuns bepaal en dat kuns as produk van botsing of stryd, boos¹⁸⁾ is. Teen hierdie agtergrond gesien, is die paradoksale "bose skoonheid van geweld"¹⁹⁾ 'n belangrike patroon in hierdie 'worp' en veelseggende benoeming van die kuns in hierdie bundel.

—000—

16) Vgl. ook "kappertjies op 'n ashoop" in Vuurvlieg (BLOM EN BAAIERD).

17) Fonteine van Tivoli.

18) Vgl. Kuns is boos! (WIGGELSTOK).

19) Vuurbees.

IX.

DIE MTAGATI PRAAT

Die patrone wat die "dolosse" tot en met Wederkoms oor die verlede, hede en toekoms van die mens openbaar, word in ooreenstemming met die speurderskap van die dolosgooier in Spermutasie vertolk. Dié ondersoek na die oorsaak en diepere sin van die verval en uiteindelijke ondergang dien dus as epitoom¹⁾ van die bundel. Die speuraspek word vooropgestel in Voorskrif:

"Lees die woord
geduldig.
Is daar moord,
en iemand skuldig?"

Die titel van dié gedig is ook weer meerduidig. Behalwe dat dit inleiding of proloog beteken, dui dit op die voorskrif wat gegee word by die lees van hierdie sprokie. Die skuldvraag van Gedagtes by 'n sarkofoag word dus opnuut gestel. Daar kan, veral as ons die siklus as afronding van die bundel aanvaar, nie aangeneem word dat hierdie siklus se laaste gedig eerste moes gewees het nie²⁾. As ondersoek wat die patrone in die bundel vertolk, ontwikkel die speurverhaal van Voorskrif tot Naskrif. Twee besondere aspekte van hierdie sprokie bepaal die vertolking daarvan: Dit is 'n "speursprokie vir die jongste godjies." Behalwe dat speurwerk dus hier in ooreenstemming met die moderne neiging plek vind in die poësie, vind dit plaas vir die "jongste godjies", d.w.s. vir die moderne mens wat homself tot god verhef. Dat dit "vir" hulle gedoen word, dui op twee moontlikhede, nl. dat of iemand anders as die skuldige aangedui word, of dat die moderne mens van sy eie skuld oortuig moet word - in sy eie belang. Die sprokie dui egter ook volgens die geteleskopeerde woord "spermutasie" (sperm + mutasie) op 'n verandering in die lewenskiem. Hierdie aspek daarvan vind weerklank in die verskillende skeppers uit die Griekse mitologie wat hier in herinnering geroep word:

1) Vgl. Rob. Antonissen se bespreking in STANDPUNTE jg. XVII, nr.5, p. 49.

2) A.P. Grové maak hierdie bewering in sy bespreking van DOLOSSE in OORDEEL EN VOORDEEL, p.124, waarin hy besondere aandag aan Spermutasie wy.

Pirrha, Pallas Athena, Pandora en Prometheus. Steeds onthullend werk die 'towaenaar' met die "dolosse" totdat die boodskapper Hermes uiteindelik die belangrikste onthulling maak.

In die eerste gedig is Pirrha aan die woord. Sy is die oermoeder van die na-sondloedse mensdom, wat op bevel van Zeus mense uit die beendere van haar moeder, nl. klippe, geskep het, en as ons aanvaar dat 'n sprokie "a fictitious narrative of supernatural or unusual persons"³⁾ is, dan moet ons ook aanvaar dat hier in sekere sin sprake is van die oermoeder, haar broer, d.w.s. een van die vroegste mense, en haar vader, die mitologiese Alvader Zeus. Ons kan aanvaar dat dit so is in soverre ons hier te doen het met 'n kern van die mensdom en hulle, veral die boetie, in wese en strewe voor ons gestel word. Die aanbieding as kinders en die gebruik van die verkleinwoord kan enersyds sprokiesmatig wees, maar dui ook op die bejannerenswaardigheid van dié kern.

In die eerste deel word die mens dus voorgestel as " baie klein", swak, maar tog wild, want Pirrha

"vang hom in die lug
en paai hom op die watte terug."

Die tweede deel, waar die Vader (wat Zeus suggereer) aan die woord kom, laat die klem val op die mens as heerser in die ruimte. Deel III bring dan ook 'n demonstrasie daarvan. Die twee mense se wandeling word 'n astrale spel, want maan en wolke stap saam. Die mismakke boetie (pikkewyn van die eerste deel) word geresoneer in die "uiltjie" wat "flirts", d.w.s. 'n beeld van die onheil wat die menslike wysheid bring. Daardeur word die fietsklokkie, 'n onskuldige produk van die menslike vindingrykheid, 'n onheilsklokkie. In die laaste tersine word vir die mens 'n onnatuurlike, kunsmatige toekoms gesien:

"Boetie kan as jokkie
in die sirkus werk."

Die transmutasie van die mens tot liggaamlik swak en misvormd maar verstandelik

3) Shipley, J.T. *DICTIONARY OF WORLD LITERATURE*, p. 53.

oorontwikkeld en geestelik aanmatigend, word hier as onheilspellend aan die kaak gestel.

In Uil en Pallas Athena is daar nie meer sprake van 'n uiltjie nie, maar van 'n uil, want uit die huwelik tussen die beskermgodin van die wetenskap en kuns word 'n monster gebore en die mens,

"hy wat mot en mol,
tarentaal en ster kan dood
maak in sy nes 'n monster groot."

In Pandora word die onheil onrusbarender en sy wat onheil uit haar kis te voorskyn laat kom, staan so ontset dat sy aan kindermoord dink. Dat die vrou wel huiwer om die kind te vermoor, dui op 'n mate van afsku by die mens in die vernietiging van lewe. Die vraag oor die lot van die kind eggo dalk ook die belangrike vrae in JOERNAAL VAN JORIK: "Is lewe heilig?" en "...wie besluit oor voortbestaan en reg?"⁴⁾ Die verwysing na die Woord in Naskrif kan as positiewe antwoord hierop gesien word.

Eers Kerberos bring uitsluitsel oor die oorsprong van die onheil:

"Of het hy hond
deur die mens onthond,
in sy honger na bloed
uit sy eie ondergrond
die oerbrak laat loop
met iets in sy bek?"

Die waaksaamheid teen die bose het as gevolg van die optrede van die mens verslap en die bose is in die wêreld ingebring deur die "oerbrak".

Erinues bied 'n treffende versoening tussen mitologie en Zoeloetowerkuns, en dus tussen Westerse en Suid-Afrikaans-heidense religie in die bundel. Die swart Griekse wraakgodinne word hier Zoeloe-"sangoma" en -"ntagati", en met 'n motief van "maak skoon die land" wys hulle op speelse wyse die skuldige aan:

"Die kind met hare by die bors
hy is die tokkelos."

Met die verwysing na "die kind met hare by die bors" word die blanke deur middel van 'n liggaamlike eienskap wat hom van die Bantoe onderskei, as die

4) Granaat (JOERNAAL VAN JORIK, p. 33 en 34 resp.)

skuldige aangewys. Die primitiewe bygeloof wat stramien van hierdie gedig is, word dus hier deurgevoer daarin dat die hare op die bors van die witman geassosieer word met sy ontwikkeltheid en dus, volgens hierdie bundel, met sy bewerking van ondergang. Dat in die aanduiding van die skuldige wel op die eienskap gewys word, is uit die oogpunt van die dolosgooier gemotiveerd, want tokkelos is inderdaad n "klein, harige kinderskrik of watergees van die Naturelle"⁵⁾. Hierdie uitwysing openbaar terselfdertyd iets van die wraak van die Bantoe teen die blanke.

Die woorde van die Mtagati is onthullend en dit is belangrik dat aanduiding van die skuldige na n dolospel en die uitdruklike noem van die dolos moet plaasvind, net soos die skuldvraag aanvanklik na aanleiding van n dolos gestel is:

"Mtagati
met slangvel
om die kop
hy kyk na die dolos
en praat ons moet
van dié uilskuiken
sterk medisyne maak
om uit die sewe gate
van die lyf
die duiwel uit te dryf,
en weg is tokkelos."

Ook hier by die skuldigbevinding is die doel nie vernietiging nie, maar reiniging, herstel. Die uitdryf van die duiwel "uit die sewe⁶⁾ gate/van die lyf" dui op die volkomenheid van hierdie suiwering, net soos die ontmaskering van die skuldige, die aanduiding van die ondergang en die dieper insig deur middel van sewe getuies⁷⁾ langs sewe stadia voltrek word.

Na hierdie onthulling erken ook Prometheus as skepper van die mens as kultuurwese sy mislukking, maar laat ook die hoop van herskepping deurskemer:

"Eens wek ek per ongeluk n misgewas
maar bewus hierna n nuwe ras."

5) Kritzinger e.a. VERKLARENDE AFRIKAANSE WOORDEBOEK.

6) Vgl. resp. die sewe seëls in Openbaring 5:1, die sewe engele en sewe basune in Openbaring 8:2 en die sewe lampe in Exodus 25:37 as volkomenheidsimbole.

7) Pirrha, Pallas Athena, Pandora, Kerberos, die Erinues, Prometheus en Hermes.

Die uilskuiken is skuldig verklaar, en dwarsdeur die bundel is daar aanduiding van strafbare dade, maar nêrens is die skuld finaal onder woorde gebring nie en nêrens is die skuldige finaal geïdentifiseer nie. Hierdie onthulling word deur Hermes, die godeboodskapper en begeleier van die geeste na die onderwêreld asof met die afwerp van 'n sewende sluier gemaak. Hy wys in 'n toekomsvisioen op die misvorming van die aarde:

"Die bleek aardbol
is swart aangebrand,
'n ingedrukte
aluminiumkastrol".

Op die vraag "waar is homo sapiens?" identifiseer hy die mens volkome as die skuldig bevonde uilskuiken, uilbal:

"Soek oral
.....
en les bes
in die klein uilbal."

Die sewende getuie onthul egter nie net skuld en vernietiging nie, maar sien in sy verhewenheid **bo** die aarde ook die resultaat van die suiwerende vuur waarmee die voorspelde ondergang gepaard gegaan het en wat weer geresoneer word in Prometheus. In hierdie suiweringsproses is die aarde ironies "swart aangebrand", maar 'n mens herinner jou by die lees hiervan hoe daar vir Opperman eens uit die vuur en as nuwe lewe te voorskyn gekom het. Soos die ondergang hier in sewe stadia onthul word en gepaard gaan met vuur, was dit ook die geval met die sterwe van Christus, soos blyk uit Sy woorde:

"op die palm met die sewe krete
sterf Ek vir 'n wêreld — uit die gloed
en flikkering, die as en roet
van liggaam, stede en verlore-
gaan bo die verwaaide nes herbore"⁸⁾.

Soos in die geval van die "verwaaide nes", is hier in die "sterbemorste nes" ook aanduiding van suiwering en dus hoop.

Met die onthulling van die suiwering waarmee die ondergang gepaard

8) Rooi voël, wit voël (NEGESTER OOR NINEVE).

gaan, en met die verewiging van die verganklike deur die vorm van die kuns, illustreer die digter hier dat die kunsskepping middel is tot oorskryding van die mens se beperkte bestaan, tot redding van die ondergang. In hierdie sin gee die siklus en die bundel dan aanduiding van 'n "sper-mutasie", 'n omvorming van die werklikheid as verweer teen verganklikheid.

...ooOoo...

X.

OORSIG.

In voortsetting van sy konkrete werkwyse, waarin Opperman die werklikheid verken "en enkel dinge eis van hoë waarde"¹⁾, maak hy dit hanteerbaar en 'spel'-vaardig. Met die realië as "geladen woorden, die als het ware hun electriciteit uitstralen in het gedicht"²⁾, wat hy ten aansien van al hulle duidingsmoontlikhede aktiveer, beheers hy die werklikheid met sy denke. Die resultaat van hierdie brandskatting van stof en taal is 'n vers wat as objektiewe denkkonsentraat sprankel in sy kompaktheid en meerduidigheid. Hiermee en met die ironiese effek wat hierdeur verkry word, openbaar dit 'n sterk moderne tendens.

In sy ontmaskering van die bose in die mens as oorsaak van sy onvermydelike ondergang, wek die digter terselfdertyd die hoop op suiwering en dui hy op die oorwinning van die tydelike wat lê in die voortbring van skoonheid deur die skeppende menslike gees. In die bundel gee hy dan gestalte aan 'n gedagte wat reeds bekend is in sy poësie en vervat is in 'n kwatryn waarin hy die menslike gees aanspreek:

"Waar alles eers verganklik was
wek jy tot beelde agter glas
wit duif, groen blaar - onder³⁾
'n stolp 'n skepping ewig vas."

Met die gemeenskaplike noemer vir sy jongste poësie vat Opperman nie net dié verse karakteriserend en kernagtig saam wat werkwyse en inhoud betref nie, maar slaan hy ook innerlike en onderlinge verbande oop. Bekende en nuwe aspekte van sy kuns word in die titel en bundel *DOLOSSE* geïntegreer.

+ + + + + X + + + + +

1) Kunstenaars (HEILIGE BEESTE).

2) G. Achterberg, 'n mede-"dolos"-digter van Opperman, se taal word so gekarakteriseer deur F. Sierksma in sy COMMENTAAR OP ACHTERBERG, p. 166.

3) Gess in Almanak (NEGESTER OOR NINEVE).

GERAADPLEEGDE WERKE EN ARTIKELS.

- Antonissen, Rob. Laat-oes van vyftig. Standpunte jg. XIV, nr. 2, Desember 1960.
- Poësie van 'n najaar - van 'n voorjaar? Standpunte jg. XVII, nr. 5, Junie 1964.
- A.P.B. Kroniek. Sestiger jg. I, nr.4, Augustus 1964.
- Aristoteles. Aristotle on the art of poetry. Translated by Ingram Bywater. With a preface by Gilbert Murray (Repr.). Londen, Clarendon Press, 1951.
- Brink, A.P. Olé; reisboek oor Spanje. Kaapstad, Human en Rousseau, 1965.
- Coertze, P.J. Dolosgooiery in Suid-Afrika. (In Stellenbosch. Universiteit. Annale.... jg. 9, reeks B. nr.2, April 1931.)
- Cloete, T.T. Bespreking van DOLOSSE van D.J. Opperman. Tydskrif vir Geesteswetenskappe jg. IV, nr. 2, Junie 1964.
- Davis, R.V. Roy Campbell, a critical survey. (M.A.-verhandeling.) Potchefstroom, n.d.
- Dekker, G. Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1960.
- Oordeel en besinning; studies, beskouinge en kritieke. Kaapstad, Human en Rousseau, 1964.
- Eksteen, L. Spermutasie: ontginning van 'n woord. Standpunte jg. XX, nr.1, Oktober 1966.
- Eliot, T.S. Selected essays. Londen, Faber and Faber, 1958.
- Grové, A.P. Aktualiteit in die poësie. Standpunte jg. XV, nr. 4-5, April-Junie 1962.
- Oordeel en vooroordeel, letterkundige opstelle en kritiek. Kaapstad, Nasou [1965?]
- Uitspraak en teenspraak. Theoria 6, 1954.
- Woord en wonder; inleidende studie oor die tegniek van die poësie. Kaapstad, Nasou [1964?]
- Nienaber, C.J.M. Dennebol van Opperman. Standpunte jg. XVI, nr.1, Oktober 1962.
- Opperman, D.J. Wiggelstok. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1959.

- Plinius, Caecilius Secundus, C. *The letters of the younger Pliny*; translated by J.B. Firth. Londen, Scott, n.d.
- Raidt, E. *Opvattings oor die literêre sinbool. Kriterium jg. 1, nr. 2-3, Julie-Oktober 1963.*
- Scholtz, H.v.d.M. *Sistematiese verslag van 'n stilistiese analise. Eugène Marais: Die townenares. Kaapstad, De Bussy, 1950.*
- Sierksma, Fokke. *samest. Commentaar op Achterberg; opstellen van jonge skrywers over de poëzie van Gerrit Achterberg. 's Gravenhage, Daamen, 1948.*
- Strydom, S. *Aantekeninge by Sondag van 'n kind. Standpunte jg. XV, nr. 4-5, April-Junie 1962.*
Aantekeninge by Vakansiebrief van D.J. Opperman. Standpunte jg. XIV, nr.1, Oktober 1960.
- Van der Walt, P.D. *Die verlossingsmotief in die poësie van D.J. Opperman. Proefskrif. Potchefstroom [1960?]*
- Van Heerden, E. *Rekenskap; letterkundige opstelle. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1963.*
- Van Rensburg, F.I.J. *Set en teëset. Standpunte jg. XVIII, nr.4, April 1965.*
- Watermeyer, G.A. *Opperman as verstandsdigter. Helikon jg.II, nrr. 10 en 11, April en Junie 1953.*

NASLAANWERKE.

- Boeseken, A.J. *Die mens se lewe saam met ander mense. (In Albertyn, C.F. red. Die Afrikaanse kinder-ensiklopedie. Deel VII, pp.2762-2776. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1959.)*
- Brockhaus, F.A. *firma, Wiesbaden. Der kleine Brockhaus. Wiesbaden, Brockhaus, 1955.*
- Grové, A.P. *samest. Letterkundige sakwoordeboek vir Afrikaans. (Kaapstad.) Nasou (voorw.1963.)*
- Kritzinger, M.S.B. *samest. Verklarende Afrikaanse woordeboek. Pretoria, Van Schaik, 1965.*
- Murray, James A.H. *red. The Oxford English dictionary. Vol. VII. Oxford, Clarendon Press, 1933.*
- Schoonees, P.C. *red. Woordeboek van die Afrikaanse taal. Deel I. Pretoria, Staatsdrukker, 1950.*

- Shipley, J.T. *Dictionary of world literature: criticism, forms, technique.* Totowa, N.J., Littlefield, Adams Co., 1966.

LITERÊRE TEKSTE.

- Achterberg, Gerrit. *Verzamelde Gedichten.* Amsterdam, Querido, 1964.
- Campbell, Roy. *Collected poems.* Band 2. Londen, Bodley Head (1957).
Selected poems. Chicago, Regnery, 1955.
- Eybers, E. *Balans.* Kaapstad, Human en Rousseau, 1963.
- Golding, W.G. *The inheritors.* Londen, Faber and Faber, 1959.
- Grové, A.P. samest. *Digters uit die lae lande; bloemlesing uit die moderne Nederlandse en Vlaamse poësie.*
 Pietermaritzburg, Natalse Universiteitspers, 1953.
- Louw, N.P. van Wyk. *Germanicus.* Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1956.
Tristia en ander verse, voorspele en vlugte 1950-1957.
 Kaapstad, Human en Rousseau, 1963.
- Marais, E.N. *Versamelde gedigte.* Pretoria, Van Schaik, 1957.
- Opperman, D.J. *Heilige beeste.* Kaapstad, Nasionale Pers, 1947.
Negester oor Ninevé. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1958.
Joernaal van Jorik. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1955.
Engel uit die klip. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1956.
Blom en baaierd. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1956.
Dolosse. Kaapstad, Nasionale Boekhandel, 1963.

BLADWYSER VIR BESPREKTE GEDIGTE.

(Onderstreepte syfers verwys na meer volledige besprekings en ononderstreepte syfers na gedeeltelike besprekings.)

HEILIGE BEESTE

- Kontrak - 48
- Vakansiebrief - 22
- Naaldekokker - 90
- Kind van die aarde - 16
- Vincent van Gogh - 49

NEGESTER OOR NINEVE

- Grootstad - 16
- Wildernis - 23
- Spel - 24

ENGEL UIT DIE KLIP

- Stillewe - 21
- Gebed om die gebeente - 25

DOLOSSE

- Gedagtes by 'n sarkofaag - 7
- Vuurbees - 52, 61, 89
- Hotnot:God - 64
- Bulalalamp - 66
- By die dood van Roy Campbell - 73
- Mammae - 50
- Wensbeentjie - 27
- Ou kroonkandelaar - 90
- Carrara - 56
- Fonteine van Tivoli - 56
- Dennebol - 35, 59, 81, 97, 98
- Spermutasie (algemeen) - 45, 92
- Voorskrif - 104
- Pirrhatjie - 105
- Uil en Pallas Athena - 106
- Pandora - 84
- Erinues - 106
- Hermes - 108 ✓